Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
# MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

**NASIENRIGLYNE**

1. ŉ Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ŉ kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ŉ motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.

5. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

6. Vir WAAR/ONWAAR – of FEIT/LUG JOU MENING vrae, word die punte verdeel:

   Slegs ŉ punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.

7. Fals (Vals) kan aanvaar word. (False is egter verkeerd, want dit is Engels).

8. Indien die kandidaat woorde uit ŉ **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

9. Aanvaar dialektiese variasies.

10. Indien die kandidaat **kru taal** gebruik, word die **kru woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kru woord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

11. Waar een-woord antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

12. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

13. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

14. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

15. As ŉ spelfout die betekenis van ŉ antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

## AFDELING A: DIE ROMAN

### VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

1.1 Ontdekking / Gerugte van rifgoud in die Bos. (1)

1.2 Dat mense/delwers al in hul soeke na goud gesterf het/grafte. (1)

1.3 1.3.1 Dis die mens se onblusbare gierigheid na geld/rykdom. (1)

1.3.2 Nie eens die koue/slegte weersomstandighede het hulle nie gestuit nie. (1)
Nie eens die slegte pad het hulle gekeer nie. (1)

1.4 Dit was nie eintlik 'n pad in die ware sin van die woord nie. (1)

1.5 Hy het geglo dis nie waar nie. (1)

1.6 Hy kon nie die vernietiging van die Bos keer nie. (1)

1.7
- Hotelle sou opgerig word.
- 'n Dorp sou aangelê word.
- 'n Passasiersdiens sou tussen Knysna en die Bos ingestel word.

(Enige 2 x 1) (2)

1.8 Saul is gevra om 'n vennoot in een van die hotelle te word. (1)

1.9 Nee, dis 'n geleentheid om geld te maak.

**OF**

Ja, dit kon wys dat hy saamstem met die vernietiging van die Bos./ 'n Mens bly by jou beginsels. (1)

1.10 Sy het hom leer Engels praat. (1)

1.11 1.11.1 Hy het wraak geneem oor hoe hy voorheen behandel was. (1)
Hy was gekant teen die vernietiging van die Bos. (1)
Hy besef hy is magteloos teen die oormag delwers. (1)

1.11.2 Nee, die dorpsmense het hom voorheen baie sleg behandel.

**OF**

Ja, 'n mens neem nie wraak as mense in nood is nie. (1)

1.12 Saul het nog seer gevoel oor Kate se belediging voor hulle uit mekaar is ("all woodcutters are dirty and so are their children"). (1)

1.13 Hy het nou geld gehad en is dus nou as 'n mens aanvaar. (1)

1.14 Hy is uit die biblioteek gejaag. (1)

1.15 1.15.1 Hy wou Josef/sy familie onafhanklik maak/losmaak van die dorpsmense. (1)

1.15.2 Ja, hy het sy hout by Josef gekoop. (1)

1.16 1.16.1 skemer (1)

1.16.2 goodfor (1)

1.16.3 koppigheid (1)

1.17 Hy het ook eers swaargekry √ voordat hy ryk geword het. √/
Dickens het ook op 'n baie jong ouderdom onder haglike omstandighede begin werk. (2)

1.18 1.18.1 Vernietiging van die Bos sou ophou want die delwers en die prospekteerders moes die Bos onmiddellik verlaat. (1)

1.18.2 Hulle het vergader/optog na regering in George gereël. (1)

1.18.3 Saul is deur sy eie mense uit die Bos gejaag. (1)

1.18.4 Nee, hulle was tradisievas.

**OF**

Ja. 'n Mens behandel nie jou eie mense so omdat jy te kortsigtig is nie. (1)

1.19 1.19.1 Maska / C (1)

1.19.2 Joram / A (1)

1.19.3 Sanna / D (1)

1.19.4 Oom Anneries / B (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

2.1 2.1.1
- Sy word met ontbyt in die bed bedien.
- Sy word mooi gemaak/gegrimeer.
- Sy paradeer voor mense.
- Sy geniet baie aandag/komplimente. (Enige 3 x 1) (3)

2.1.2 Dit is haar verjaarsdag. (1)

2.2 2.2.1 Sy het ŉ lae selfbeeld (kan ook omskryf word). (1)

2.2.2 Sy het klein buuste gehad. (1)
Sy het ŉ puisie haar op ken gehad. (1)

2.2.3 Ja, ŉ tiener se voorkoms is vir haar baie belangrik.

**OF**

Nee, jy sal nie die enigste tiener wees wat so lyk nie. (1)

2.3 2.3.1 Nee, hy moes in die Kaap vir ŉ modeskou wees. (1)
Mana het hom genooi vir Hanna se verjaarsdag. (1)

2.3.2 Hy het peroksied hare. (1)
Hy het grimering/maskara aangehad. (1)

2.4 2.4.1 E (1)

2.4.2 A (1)

2.4.3 C (1)

2.4.4 D (1)

2.5 2.5.1 Gavin (1)

2.5.2 Tiervelbroek (1)

2.5.3 Ja, volgens haar is ŉ gesin dan eers volledig/'n Pa speel ŉ belangrike rol in ŉ dogter se lewe./'n Pa gee ŉ gevoel van sekuriteit.

**OF**

Nee, nie alle pa's vervul hulle rolle ten volle nie. (1)

2.6 2.6.1 Margo neem die leiding by die geboorte van Mana se baba. (1)

2.6.2 Sy voel sy het gefaal. (1)

2.6.3 Sy het hulle al voorheen teleurgestel. (1)

2.6.4 Hy gaan draf saam met haar. (1)

2.7 Sy het almal se aandag getrek. / Beyers neem vir haar ŉ sambreel. / Sy gooi ŉ swart kledingstuk oor haar kop. / Sy loop statig onder die sambreel. (Enige 2 x 1) (2)

2.8 2.8.1 Sy het minder belangrike rolle in rolprente gespeel. (1)

2.8.2 Sy moes die Maandag in Johannesburg vir ŉ rol in ŉ televisiereeks wees. (1)

2.8.3 Sy het die vlieënier van die helikopter omgekoop. (1)

2.8.4 Aktrises speel toneel/gee voor. (1)

2.9 2.9.1 Hy wil weet van sy pa. (1)

2.9.2 Ja, dis belangrik om te weet wie my pa is.

**OF**

Nee, my pa stel in elk geval nie in my belang nie/weet nie van my nie. (1)

2.10 2.10.1 Yann (1)

2.10.2 Sharon (1)

2.10.3 boksponge (1)

2.11 Die gesin het nader aan mekaar geleef/kommunikasie was beter. (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

3.1 3.1.1 "Jannerik sệ die stoof was te koud." (1)

3.1.2 Hy het ŉ man verwag.
Die oorspronklike brief sê Ryna kom net vir drie dae.
Jacob is ongeduldig as gevolg die swak verhouding tussen hy en sy vrou. (3)

3.2 3.2.1 (Ryna se) dagboekinskrywing. (1)

3.2.2 Ek-verteller / eerstepersoonsverteller (1)

3.3 3.3.1 Elsabet (1)

3.3.2 Elsabet se baba sterf net na die geboorte en word met Janka omgeruil. (1)

3.3.3 Nee, ŉ kind het die reg om te weet wie haar pa is.

**OF**

Ja, dis beter dat die kind die pyn oor haar pa gespaar bly. (1)

3.4 "Kinnie, is aan maaggriep oorlede." (1)

3.5 Die dood van sy vrou. (1)

3.6 Hansie het die CB-radio gebruik. (1)

3.7 Nee, reëls is reëls.

**OF**

Ja, Jannerik het nou ŉ buitengewone situasie./ sterfgeval / sterfte van Kinnie (sy dogter). (1)

3.8 Sy pak vir hom twee brode in. (1)

3.9 3.9.1 Hy moet ŉ nuwe lem vir die windlaaier saambring. (1)

3.9.2 Die dood van Jacob en Elsabet se baba. (1)

3.10 3.10.1 Elsabet se baba sterf MAAR
Kinnie se baba leef by geboorte. (2)

3.10.2 Verkragting (1)

3.10.3 Fred het Kinnie betaal en (gedreig) dat hy haar nooit weer wil sien nie. (1)

3.10.4 Skalla sê vir Fred hy moet die seegraskonsessies op sy naam sit √ dan sal hy nie praat nie. √ (2)

3.11 Jannerik se kleinkind word aan Elsabet gegee. (1)

3.12 3.12.1 Sy het ’n gewas op haar baarmoeder gehad. (1)

3.12.2 Sy sou nie weer babas kon hê nie. (1)

3.13 Attie bou vir Janka ’n Meeuland Express. (1)

3.14 Fred bied aan om te help met Janka se mediese onkoste.
Fred belowe later om die geheim van Janka se omruiling nie aan haar te vertel nie. (2)

3.15 3.15.1 C (1)

3.15.2 E (1)

3.15.3 A (1)

3.15.4 B (1)

3.16 3.16.1 Jacob (1)

3.16.2 kalm (1)

3.16.3 die Meeuw (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DIE DRAMA

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

4.1 Die dag toe Poppie met Stone van die Ciskei getrou het.
Die dag toe Poppie-hulle uit Lambertsbaai gesit word. (2)

4.2 Hulle is dronk. (1)

4.3 4.3.1
- Dis Jakkie se skuld dat Bonsile gevang is.
- Jakkie was een van die leiers by die opstande.
- Dis deur Jakkie dat Poppie se kinders ondervra is. (Enige 2 x 1) (2)

4.3.2 Ja, die grootmense het niks "gedoen" nie.

**OF**

Nee, ek sou die grootmense laat "baklei" het. (1)

4.4 Hulle was later juis gekant teen die biersale en sjebeens waar hulle ouers so dronk geraak het. (2)

4.5 Geen verdediging nie (want hy weet Poppie is reg) / Teleurgesteld in Poppie se reaksie. (1)

4.6 4.6.1 Wet op oproerige byeenkomste/ Onlustewet / verbreking van die wette. (1)

4.6.2 Moord (op 'n polisieman) (1)

4.6.3 Hy het na 'n buurstaat gevlug. (1)

4.7 moedeloosheid / sarkasme (1)

4.8 4.8.1 Verligting dat iemand uiteindelik optree / iets doen. (1)

4.8.2 Hy stem nie saam met die strategie nie MAAR weet iets moet gedoen word. (2)

4.9
- Poppie en haar familie is gedwing om te trek.
- Poppie ly a.g.v. die paswette.
- Poppie het probleme met die rebelse Bonsile. (3)

4.10 "en jou kinders" (1)

4.11 nylons/die polisie/die wet (1)

4.12 Vukile word per ongeluk doodgeskiet. (1)

4.13 4.13.1 A (1)

4.13.2 E (1)

4.13.3 B (1)

4.13.4 C (1)

4.14 4.14.1 Poppie eis ŉ skool vir haar kinders voor sy Ciskei toe trek. Sy los die kinders in Ciskei om skool te gaan, toe sy Kaap toe trek. (2)

4.14.2 Poppie is met Stone van die Ciskei getroud en onder sy naam geregistreer. Maar haar broers is op haar ma se huiskaart geregistreer. (2)

4.15 By haar skoonmense. (1)

4.16 4.16.1 Ouers (1)

4.16.2 Die grootmense (1)

4.16.3 Rou (1)

4.17 ŉ Ma offer alles op ter wille van haar kinders. / Kinders moet toegelaat word om hul eie besluite te neem wanneer hulle groot is. (1)

**[35]**

**OF**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

5.1 Spanning / afwagting (1)

5.2 5.2.1 Motoriese moment (1)

5.2.2 Dit het die kettingreaksie van die res van die gebeure tot gevolg. (1)

5.2.3 Na alles het Willem weer gepraat / die verhoudings in die gesin is herstel. (1)

5.3 Nee. Sy het na middernag kombuis toe gegaan en ook haar pa daar aangetref. (1)

5.4 Die rustigheid van Toorwater is versteur. EN
Daar was waarskynlik nog nooit ŉ gebrul van ŉ leeu op Toorwater nie. (2)

5.5 Dit sê dat alles nie wel is met hierdie gesin nie. (1)

5.6 5.6.1 Hulle is nog deur die slaap. EN
Hulle ly aan skok. (2)

5.6.2 vergelyking (1)

5.7 5.7.1 Hy is die stasiemeester √ en niemand het hom van die trein laat weet nie. √ (2)

5.7.2 Die trein is by die verkeerde stasie afgehaak. (1)

5.8 5.8.1
- Nollie is nie ŉ slegte ou nie.
- Nollie is lief vir Emma.
- Nollie is te skaam om oor sy ware gevoelens te praat.
- Dit help nie Emma hardloop weg nie. (Enige 3 x 1) (3)

5.8.2 Sy sê nag en loop weg/
Sy is nie bereid om daaroor te praat nie. (1)

5.9 5.9.1 Angstoestand EN
Skok (2)

5.9.2 Die leerders het hom geterg. (1)

5.9.3 Hendrik wil die probleem regskree. EN
Manuel was sag / vriendelik. (2)

Kopiereg voorbehou 

5.10 Nee, Hendrik het nie geweet hoe om sy vrou te behandel nie.

**OF**

Ja, 'n Mens is vir hom / haar eie geluk verantwoordelik. (1)

5.11 Sy sweer sy gaan nie trou nie. EN
Sy is skrikkerig vir verhoudings met mans. (2)

5.12 Dis juis Hendrik se inmenging wat hom gehelp het. (2)

5.13 5.13.1 D (1)

5.13.2 A (1)

5.13.3 C (1)

5.13.4 E (1)

5.14 5.14.1 die nar (1)

5.14.2 skuur (1)

5.14.3 Willem (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHAAL

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

### TEKS A: AGTER ’N BAARD – Hennie Auckamp

6.1 Dis lekker om weer by die huis te bad. EN
Hy wil wegkom van Marina se vrae oor sy baard. (2)

6.2 6.2.1
- Sy vrou se ete.
- Sy vrou se aandag / aanraking later.
- Die voorlees van die stories aan Bennie. (3)

6.2.2 Hy het nog steeds met die letsels van die grensoorlog gesit. (1)

6.3 Om vir hom ’n storie te lees / te vertel. (1)

6.4 6.4.1 Dit wat hy op die grens ervaar het. (1)

6.4.2 Hy wou haar die seerkry spaar. (1)

6.4.3 Sy wou geen rede verstaan nie. (1)

6.5 6.5.1 Sy het romanse probeer. (1)

6.5.2 Nee. Dit het haar so ontstel dat sy nie weer kon slaap nie.

**OF**

Ja. Hoe anders sou sy verstaan waarom hy die baard groei. (1)

6.6 6.6.1 C (1)

6.6.2 A (1)

6.6.3 B (1)

6.6.4 D (1)

6.7 Die effek wat oorlog op soldate het en ook op almal na aan hulle / oorlogservaringe duur voort al het die oorlog gestop. (2)

**EN**

Kopiereg voorbehou 

**TEKS B: DIE PAKKIE – LEONARD KOZA**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.8 | 6.8.1 | Dwelmsmokkelary / gebruik van dwelms. | (1) |
| | 6.8.2 | • Sê watter soort mense hulle is.<br>• Gee geloofwaardigheid aan die verhaal.<br>• Dra by tot die humor in die verhaal. | (3) |
| | 6.8.3 | Sy was bang MAAR het geweet sy moet dit nie wys nie. | (2) |
| | 6.8.4 | ŉ Mens verwag dat die persoon slim gaan wees daarom word hy Jakkals genoem. | (2) |
| 6.9 | 6.9.1 | Dit beskadig / vreet jou brein. | (1) |
| | 6.9.2 | • Die smokkelaars maak R1 000/dag.<br>• Hulle dra duur klere.<br>• Hulle bestuur luukse motors. (Enige TWEE bewyse) | (2) |
| 6.10 | Sy probeer dapper/sterk voorkom. | | (1) |
| 6.11 | Hy is uit op parool. | | (1) |
| 6.12 | 6.12.1 | Pang Doodmaak | (1) |
| | 6.12.2 | tande | (1) |
| | 6.12.3 | huis | (1) |
| 6.13 | Ja, dit was te gevaarlik vir haar ma om betrokke te raak.<br><br>**OF**<br><br>Nee, Sy moes haar ma te alle tye gehoorsaam/respekteer. | | (1) |

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

### TEKS A: WIE'S HY – Adam Small

7.1 Die gedig het 'n speelse toon terwyl die digter eintlik 'n baie ernstige boodskap wil oordra. (2)

7.2 7.2.1 Dis die gewone mens / die man in die straat. (1)

7.2.2 Die digter wil juis bewys dat dit binne die vermoë van die gewone mens is om gedigte te kan skryf / dis die taal van die gewone mens. (1)

7.3 7.3.1 Nee, want die antwoorde op die vrae word in strofe 2 verskaf. (1)

7.3.2 Hy wil die leser laat nadink/bepeins. EN
Hy wil spanning/afwagting wek. (2)

7.4 7.4.1 Dis die persoon met die pen √ in sy studeerkamer √ wat gedigte uitdink. √ (3)

7.4.2 "djulle's mistaken" (1)

7.5 Die digter wil benadruk dat die leser ernstig moet besin oor wie die ware digters is. (2)

7.6 7.6.1 D (1)

7.6.2 E (1)

7.6.3 A (1)

7.6.4 C (1)

7.7 Hulle dig spontaan (op die ingewing van die oomblik). (1)
**[18]**

**EN**

### TEKS B: KABOUTERLIEFDE – Ingrid Jonker

7.8 Kwatryne (1)

7.9 Elisie (1)

7.10 "kabouter" (1)

7.11 “kadoemps”
“trom-trompet” (2)

7.12 Die wind (1)

7.13 Dit pas by die kinderwêreld van die kind. (2)

7.14 Opgewondenheid / ekstase (1)

7.15 Sig / sien (1)

7.16 7.16.1 Progressie (1)

7.16.2 Hy verklaar sy liefde aan die kind/sy geliefde. (1)

7.17 “hoepelronde” (1)

7.18 Sekel / sekelboog (1)

7.19 Binnerym (1)

7.20 ŉ Persoon verklaar hier sy liefde aan sy geliefde. (2)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou